

Sondagskool 1

Lestitel: Daniël, die toegewyde jongman en vertolker van drome

'n Ouerhandleiding

Sondagskooltuisonderrig

Liewe Ouer

Welkom by die les: “Daniël, die toegewyde jongman en vertolker van drome”

Hierdie dokument gee u 'n basiese handleiding oor hoe die les aangebied kan word.

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Hier volg 'n paar wenke vir voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
1.	Verkry toegang tot die webtuiste van die Nuwe Apostoliese Kerk deur die volgende in te sleutel of deur op die volgende WhatsApp-skakel te druk: https://bit.ly/3NACSSHS
2.	Versamel die volgende hulpmiddels om te verseker dat u vir die les gereed is: • Bybel • Die les in PDF-formaat wat reeds voorberei is • Kind se werkboek, potlode, kryte, ens. • Die kort video, wat 'n addisionele / opsionele hulpmiddel is • Kategismus in Vrae en Antwoorde (veral vir Konfirmasie) Nota: 2.1: Die ideale tyd om die les aan te bied is na die Sondagoggendgodsdiens, om sodoende in lyn met die normale Sondagskooltyd roetine te behou. 2.2: Hou die les so bondig (kort) moontlik. Hou die aandagspan (om te fokus op die les) van ons kinders in gedagte. U ken u kind die beste! Normaalweg duur Sondagskool nie langer as 45 minute nie. 2.3: Die les is vir ‘n spesifieke klas (Sondagskool (SS), Godsdiensonderig (RI) of Konfirmasie (Conf)). 2.4: Kontak gerus u Sondagskoolonderwyser indien u ondersteuning vereis of van bogenoemde hulpbronne benodig.
3.	Bid (sien die gebed aan die einde van hierdie dokument) en vra God om u as instrument te gebruik om die les aan te bied soos Hy dit wil hê.

Bied 'n Sondagskoolles tuis aan

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Ons gaan voort om 'n paar wenke te gee rakende voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
4	Skep 'n aangename en steurnisvrye leeromgewing waar u en die kind / kinders op dieselfde vlak kan wees. Voorbeeld: Sit op 'n mat of om 'n tafel.
5	Lees die les deur. Lees weer deur die les sodat u dit verstaan. Kyk na die kort video van die les om 'n beter begrip van die les te kry.
6	Maak vir jouself aantekeninge oor belangrike punte wat jy graag wil onthou.
7	Verstaan die doelwit van die les, wat deur u kind onthou moet word.
8	Bied die les vir u kind aan.
9	Wys vir jou kind die video en bespreek die betekenis daarvan.
10	Verwys u kind na die aktiwiteit in die kind se werkboek
11	Bid of vra u kind om te bid om sodoende die les af te sluit.

Beskikbare hulpmiddels vir tuisonderrig

Hiermee 'n paar hulpmiddels om die gehalte van die les te verbeter:

1. Gesels via WhatsApp met 'n ander Sondagskoolfamilie.
2. Bespreek die les met ander ouers om duidelikheid te kry voordat dit aangebied word.
3. Dit staan u vry om self navorsing te doen vir addisionele(ekstra) inligting.

Die Les

Lestitel	Daniël, die toegewyde jongman en vertolker van drome
Bybelwoord	Daniël, hoofstukke 1 en 2
Lesdoelwit	Die kinders verwonder hulle oor die grootheid en alwetendheid van God.

Lesopsomming:

• Daniël en sy drie vriende was seuns van edele Jode en is as gevangenes uit hul vaderland, Israel, weggevoer. Hulle het nou as vlugtelinge / immigrante in Babilon in die paleis van Koning Nebukadnesar gewoon.
• Daniël en sy vriende was toegelaat om in die paleis te woon en die rykdom van die paleis te geniet.
• Hulle sou dieselfde kos kry, en die beste, maar Daniël het verduidelik dat hulle volgens hul geloof slegs sekere kosse eet. Hulle wou getrou bly aan hul geloof en wou eerder groente eet en water drink.
• Die hoogste dienskneg het geglo dat dit onmoontlik was om met slegs daardie kosse te oorleef. Daniël het hom egter verseker dat die Here sou help om hulle te versorg en Hy het dit gedoen.
• Een nag het die koning 'n vreesaanjaende droom gehad en wakker geword, maar hy kon nie onthou wat gebeur het nie.
• Koning Nebukadnesar het al die wyse manne en droomvertolkers geroep en hulle beveel om die betekenis van sy droom te verduidelik. Nie een van hulle kon aan hom sy droom vertel nie en hulle het gesê dat dit vir niemand moontlik is om dit te doen nie.
• Daniël het gevra dat hy 'n bietjie meer tyd gegee word om die droom uit te lê en die koning het ingestem. Daniel en sy vriende het tot God gebid en Hom gevra om hulle te help. Hy kry toe die antwoord oor die koning se droom.
• Hy gaan vertel die koning, wat verbaas is, en wil weet hoe hy sy droom vertolk het. Daniël verseker hom weer dat God alle geheime ken en groter as alle konings is.
• Die koning het toe vir Daniël en sy vriende heersers oor sy koninkryk gemaak.

Wat beteken hierdie les vandag vir ons?

- Ons moet enigiets na God bring in gebed.
- Ons kan enige tyd bid en met God praat.
- Ons moet dank, lofprysing en al ons behoeftes na God in gebed bring.
- Ons kan selfs tot God bid as ons baie bang is of baie gelukkig is.
- God is altyd naby aan ons – net soos Hy naby aan Daniël en sy vriende was.

Sommige vrae wat ons kan vra:

Laat die kinders die vraag beantwoord, en as hulle direk uit die storie beantwoord, kan u dit met ons daaglikse optrede en gedrag in verband bring.

1. Waarom het Daniël geweier om al die luukse kos van die paleis te eet?
Antwoord: Hulle wou getrou bly aan hul geloof.
2. Waaruit het die maaltyd van Daniël en sy vriende vir tien dae bestaan?
Antwoord: Groente en water.
3. Het die water en groente hulle siek gemaak?
Antwoord: Nee! Hulle was gesond en sterk!
4. Daniël het gereeld gebid, wanneer bid ons?
Antwoord: Soggens as ons wakker word, saans voor ons gaan slaap, as ons 'n maaltyd eet, of enige tyd van die dag
5. Wat het die koning van sy wyse manne vereis?
Antwoord: Hy het gevra dat hulle aan hom sy droom moet vertel en dit moet uitlê.
6. Waarom het Nebukadnesar kwaad geword vir die wyse manne?
Antwoord: Hulle het gesê dat niemand kan doen wat die koning gevra het nie. Dit sou vir hulle onmoontlik wees om aan hom sy droom te vertel.
7. Hoe het Daniël uitgevind wat die koning gedroom het en wat dit beteken het?
Antwoord: Daniël en sy vriende het tot God gebid en Hom gevra om hulle te help om die droom uit te lê.
8. Het jy al ooit tot God gebid en hom gevra om jou te help?
Antwoord: Ja (enige persoonlike ervaring wat hulle gehad het)

'n Gebed vir Pappa en Mamma om voor die les te bid:

Liewe God, baie dankie vir hierdie dag

Seën alle ouers en kinders

Mag ons u teenwoordigheid aanvoel

Seën die les wat ons gaan hê

Leer ons hoe om U te dien

En help ons om u wil te doen

Sodat ons nader aan U kan groei

Stuur Jesus om ons te kom haal

En mag ons gereed wees om Hom te ontmoet. Amen